DIE DIACHRONIESE UITLEEF VAN EKUMENISITEIT AS HERSTEL VAN 'N BYBELSE PERSPEKTIEF OP TYD.[1]

Ds Eric Kayayan

1. Die wortels agter sinchronisme as 'n tyds –en geskiedenisbeskouing

Waarskynlik een van die mees bepalende tendense van die afgelope honderd jare in die Westerse denke was - en is nog - om die werklikheid al hoe meer sinchronies te wil beskou en bestudeer. Sinchronies, dit wil sê binne die raamwerk van 'n uitgebreide "vandag" wat die historiese ontstaan en ontwikkeling van werklikheidsaspekte wat ter sprake kom, stelselmatig op die agtergrond skuif. Dít wat die aandag geniet, is hoe dinge op 'n bepaalde tydstip saamhang, funksioneer, uitgeleef word en - wat vandag se gebeure betref - hoe hulle op die mees produktiewe manier vir praktiese doeleindes aangewend kan word. In dié opsig bestaan daar myns insiens min twyfel dat die moderne linguistiek 'n groot rol gespeel het om die werklikheid eerder sinchronies as diachronies te wil bestudeer. Vir die vader van die moderne linguistiek en die strukturalisme, die Geneefse linguis Ferdinand de Saussure (1857-1913), is taal 'n verskynsel wat as 'n geslote sisteem van interafhanklike verhoudings bestudeer moet word. Die ontwikkeling van 'n taal oor die eeue, saam met die kulturele, historiese, etniese of geografiese invloede wat dié taal ontvang het, en wat bygedra het om dit in sy huidige gestalte te giet, was vir De Saussure sekondêre faktore wat, ter wille van metode, eers een kant gelaat moet word[2]. Die invloed van so 'n vertrekpunt

[1] Lesing gelewer tydens die jaarlikse byeenkoms van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel op Sat. 20ste Mei 2006 by die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar.

[2] *"On s'accorde à présent à voir en Saussure le fondateur de la linguistique générale moderne et le père du structuralisme. Il rompt en effet avec la philologie et la linguistique comparée historique dont l'érudition de ses contemporains avait pourtant assuré les plus grands succès mais qui laissaient peu de place à une réflexion nouvelle sur l'objet même de la linguistique. Pour Saussure, "la langue est un tout en soi", un*

op ander geesteswetenskappe sou later dominant word, soos die toepassing van die sosio-historiese metode op teologiese studies vandag duidelik aantoon. In hierdie geval, dit was oorwegend tel, is ‘n bepaalde en beperkte historiese konteks wat gekonstrueer moet word as ‘n geslote sisteem van destydse sosiale en kulturele verhoudings, dus, sinchronies[3]. Die rekonstruksie van so ‘n sosio-historiese snit van geskiedenis en die betekenis wat daaraan geheg word, word op sy beurt deur die sosio-historiese konteks van die huidige navorser bepaal, dikwels met die inlees en projeksie van hedendaagse religieuse of kulturele behoeftes op die bestudeerde konteks[4]. Op dié manier word twee sinchroniese snitte van die geskiedenis in verband met mekaar gebring wat aanvanklik as heeltemal vreemd tot mekaar beskou word. Geen diachroniese perspektief word aangebied nie, maar slegs ‘n toe-eiening van ‘n snit uit die verlede deur die moderne analis, meestal t.w.v. eie doeleindes. So word die tydelike dimensie van die menslike geskiedenis stelselmatig gereduseer tot ‘n ewige teenwoordige tyd wat wissel van een tydperk tot ‘n ander een sonder dat ‘n diachroniese koers of ‘n leidende

---

système fermé ayant une intelligence intrinsèque, qui doit être étudiée “par elle-même” et “pour elle-même”. Il écarte, pour un temps méthodologique, les phénomènes externes, historiques, géographiques, ethnologiques. Même s’il reprend en cela certaines conceptions de W. von Humboldt et de W.D. Whitney, sa position apparaît bien comme une rupture solitaire au début du XXe siècle. Affirmant que la langue est aussi un “principe d’organisation” autonome, dont la principale fonction est de communiquer, il s’oppose aux grammaires générales pour lesquelles une certaine logique de la pensée préexiste et impose ses formes à la langue.” (Ch. De Heredia, *in* Dictionnaire des Philosophes, vol. 2, bl. 2309, Paris P.U.F. 1984).

[3] Vgl P. Barnett: *“Those who apply social science to historical studies place their emphasis on what was, on the way things were, rather on particular events and why they occurred. It is not too much to say that in the last quarter of the twentieth century this discipline and its ancillaries have revolutionized the study of history, including the study of antiquity and of Christian origins. A discipline that once was peripheral is now central, and one that was once central is now peripheral. Notable benefits for the understanding of the historical Jesus are claimed for the approach. Social science figures prominently in current Jesus research”* (Jesus & the Logic of History, New Studies in Biblical Theology, bl. 19, Grand Rapids Eerdmans, 1997).

[4] *Id.* bl. 17: “*It is an interesting coincidence that the closing decades of the nineteenth century also witnessed a spate of books on Jesus, many of them idealistic and romantic in character, reflecting the spirit of that age. The current Jesus reconstructions are also idealistic, but are shaped more by the values of late-second-millennium political correctness. The Jesus of the “third questers”, as they are called, often looks remarkably like the scholars who write about him: postmodern, ideologically reformist and eminently reasonable.”*

draad opgespoor kan (en miskien *mag*) word. In dié opsig het ons al hoe meer te doen met ‘n gefragmenteerde tyds –en geskiedenis beskouing.

Dat die uitleef van die ekumene vandag ook onder hierdie invloed verkeer, is myns insiens nie twyfelagtig nie. ‘n Sprekende voorbeeld hiervan onder Afrikaanssprekende Protestantse kerkverbande is die druk wat op die *ad hoc* tussenkerklike kommissie geplaas word om ‘n hervertaling van eeueoue belydenisskrifte te laat verskyn wat ten doel het om die hedendaagse leser in sy huidige sosio-historiese konteks te akkommodeer, ten koste van die oorspronklike bedoeling. Ekumenisme en kontekstualisering gaan al hoe meer gepaard, die bereiking van ‘n sigbare eenheid met bykomstige teologiese amnesie is aan die orde van die dag. Voordat ‘n mens egter oor ekumenisiteit en die huidige uitleef hiervan begin besin, is dit noodsaaklik op die dieper motiewe agter hierdie moderne oorbeklemtoning van sinchroniese aspekte (iets wat ek graag *sinchronisme* sou wil noem) te gaan delf. Duidelik kom ‘n tyds -en geskiedenisbeskouing hier ter sprake, wat krities beoordeel moet word.

Tyd en geskiedenis blyk werklikheidsaspekte te wees wat die mens na die sondeval voortdurend pla. ‘n Mens kan jou huidige omstandighede verander, met behulp van nuwe politieke bedelings of nuwe tegnologiese toepassings. ‘n Mens kan altyd van ‘n beter toekoms droom, gebaseer op wat jy vandag vir môre beplan. Maar jy kan nie die verlede verander of selfs herleef nie[5]. Tyd en geskiedenis konfronteer die mens met sy mislukte

[5] Die Franse filosoof Jean Brun stel dit op ‘n treffende manier in sy boek *Philosophie de l’Histoire, les Promesses du Temps* (bl. 9, Paris, Stock, 1990): “*Science et technique ont donc, aux yeux de tous, le mérite éminent de nous permettre d’agir sur le présent en le modifiant, et sur le futur en le déterminant. Mais le passé? Outre qu’il n’est plus et qu’on ne peut le faire vivre à nouveau, l’homme de pourra jamais le*

pogings om ‘n ewigdurigende menslike koninkryk te bou, hetsy in die vorm van politieke en militêre rykes, kulturele en ideologiese vestings, of selfs in die vorm van kerklike koninkryke wie se tydelike sigbare gestalte verabsoluteer word. Terselfdertyd bly tyd en geskiedenis dimensies wat vir die mens ‘n platvorm bied om sy droom van self-verwesenliking te vergestalt. Sisyphus se mite kan hier in herinnering gebring word: Sisyphus is vir ewig gevonnis - nadat hy uit die koninkryk van die dooies, die Hades, ontsnap het - om ‘n enorme ronde klip na die toppunt van ‘n berg op te rol; elke keer as die top bereik is, val die klip onder toe en moet Sisyphus weer begin. ‘n Diachroniese perspektief op tyd en geskiedenis konfronteer die mens met die pynlike ontdekking dat hy nie in beheer is van sy pogings tot self-verwesenliking nie. Veel erger nog: so ‘n perspektief dwing hom om die koers van sy geskiedenis toe te skryf aan ‘n transendente hand of faktor wat nie onder sy beheer val nie. *Sinchronisme* bied ‘n maklike ontsnappingsroete in dié opsig: *sinchronisme* blyk ‘n goeie gryp oor die werklikheid te gee aan diegene wat die hede sonder hindernis na eie goeddunke wil omvorm en in ‘n bepaalde rigting stuur. Sinchronisme en funksionalisme gaan hand in hand. So word Sisyphus aangeraai om slegs na besondere en belowende stappe van sy reuse pogings terug te kyk, sonder om die herhaalde val van sy klip te moet aanskou nie.

2. Die diachroniese aspek van ekumenisiteit.

Ekumenisiteit het eerstens ‘n diachroniese stempel voordat dit sinchronies uitgeleef word. Christene leef uit die eenheid van *die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is* (Judas 3b). Hierdie *eenmaal* (απαξ) bepaal

---

modifier; aucune technique ne peut empêcher Jeanne d’Arc de monter sur le bûcher, ni Napoléon d’être vaincu à Waterloo; le passé ne peut être ni corrigé ni effacé, la Terreur ne deviendra jamais une douce idylle sociale et Auschwitz sera toujours Auschwitz.”

terselfdertyd die oorsprong en die onveranderlike karakter van bg. geloof, wat op ‘n gesagvolle wyse deur die apostels oorgedra is[6]. So ‘n formule lei ‘n mens daartoe om ‘n belydenis uit te spreek wat die opeenvolging van tydperke transendeer. In dié opsig hou hierdie formule ‘n permanensie in wat van een of ander teenwoordige tyd getuig. Indien daar egter van ‘n teenwoordige tyd gepraat kan word t.o.v. dieselfde belydenis wat geslagte van Christene *diachronies*, d.w.s. deur die eeue, saambind, moet hierdie teenwoordige tyd gekwalifiseer word as dié van Christus se ewige teenwoordigheid, soos hyself dit aan sy dissipels belowe het in Matteus 28:20: “*En kyk, Ek is* [εγω ειμι] *met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.”*[7] Christus se ewigheid is dié faktor wat die tydelike dimensie van die menslike bestaan verenig en wat Sisyphus verlos van die desperate siklus waarin hy vasgevang is. Christus se vleeswording en kruisiging waarborg aan die een kant die goddelike deelname aan die diachroniese dimensie van ons menslike bestaan (soos bv. Nicéa dit beklemtoon), terwyl sy opstanding en hemelvaart aan die ander kant die nodige verlossing bring van ‘n dimensie wat na die sondeval in ‘n bose kringloop verval het. Slegs die persoon van Jesus-Christus, met sy twee nature wat saam bestaan sonder vermenging nog verandering, sonder verdeeldheid nog skeiding - volgens die onmisbare Chalcedoniaanse definisie - is in staat om ons tydelike dimensie bevrydend te plaas in ‘n

[6] Vgl.F. Rienecker & C. Rogers (Linguistic Key to the Greek New Testament, bl. 803-804, Zondervan, Grand Rapids, 1980): “παραδοθειση aor. Pass. Part. παραδιδωμι to deliver over, to hand down, to commit and entrust. The word is used for handing down authorized tradition in Israel (s. 1 Cor. 15:1-3; 2 Thess. 3:6), and Jude is therefore saying that the Christian apostolic tradition is normative for the people of God (Green).”

[7] Vgl dit wat Calvyn aan Koning François skryf in die brief wat die Institusie voorafgaan: “*Die kerk van Christus het sekerlik gelewe, en dit sal lewe solank Christus aan die regterhand van die Vader regeer. Deur sy hand word die kerk onderskrag; met sy bystand word dit verdedig en met sy krag bly die kerk veilig. Want hy sal ongetwyfeld daaraan voorsien wat Hy ook eenmaal ontvang het, naamlik dat hy die wat aan Hom behoort, tot die voleinding van die tyd sal bystaan.”* (Institusie van die Christelike Godsdiens, vertaal deur prof. Dr. H.W. Simpson., vol. 1, bl. 103, CJBF, Potchefstroom, 1984.)

diachroniese koers wat Christus se ewigheid as mikpunt het, in plaas van die noodlottige repetisie van ‘n doellose siklus.

Dit is merkwaardig om daarop te let dat artikel 27 NGB (oor die Algemene Christelike Kerk), die diachroniese aard van die Kerk eers beklemtoon - juis gefundeer op Christus se ewige koningskap - voordat die sinchroniese aspek daarvan ter sprake kom: “*Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, want Christus is ‘n ewige Koning wat nooit sonder onderdane kan wees nie.”* Slegs daarna, aan die einde van die artikel, word daar gesê: “*Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot ‘n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig”*.

Die Heidelbergse Kategismus (Sondag 21, vraag en antwoord 54) beklemtoon eers die diachroniese karakter van die Kerk, voordat vraag en antwoord 55 die klem plaas op die sinchroniese dimensie hiervan:

> -*Wat glo jy van die* heilige, algemene Christelike kerk?
> *-Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom ‘n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan ‘n lewende lid is en ewig sal bly.*

Die Tweede Helvetiese Konfessie (1566) is nog duideliker oor die diachroniese aspek van die Kerk, wat “*van die begin af*” in God se ewige

uitverkiesing sy oorsprong vind. Hoofstuk 17 (oor die Heilige en Universele Kerk van God en haar Enigste Hoof) begin so:

> *Aangesien God van die begin af wou hê dat die mense gered moet word en tot die kennis van die waarheid moet kom, is dit so dat daar altyd 'n Kerk moes gewees het, steeds moet wees en tot die uiteinde van die eeue sal moet voortbestaan: dit is, 'n vergadering van gelowiges geroep en vergader deur die hele wêreld: daarmee bedoel ek 'n gemeenskap van die heiliges, nl. almal wat - deur die Woord en deur die Heilige Gees - die ware God in Jesus-Christus die Verlosser erken en aanbid, en deur die geloof deel hê an al die skatte wat vrylik in Jesus-Christus aan ons geskenk is. Benewens is al hierdie mense burgers van dieselfde stad, en lewe onder dieselfde Here, dieselfde wette, en neem saam deel aan dieselfde seëninge.*[8] [my vertaling, E.K.]

Artikel 16 van die Skotse Konfessie van 1560 gaan vanuit dieselfde vertrekpunt:

> *Net soos ons in een God, Vader, Seun en Heilige Gees glo, glo ons met die grootste sekerheid dat vanaf die begin daar was, daar nou is en daar tot die einde van die wêreld sal wees, een Kerk, dit is, die gemeenskap van 'n menigte van mense deur God uitverkore wat Hom in waarheid aanbid en toegang tot Hom het deur 'n ware geloof in Jesus Christus, die enigste hoof van hierdie kerk, wat sy liggaam en sy bruid is. Dié Kerk is katoliek, dit wil sê universeel, omdat dáár is al die uitverkorenes van alle*

[8] *"Pource que Dieu a voulu dés le commencement que les hommes fussent sauvez, et vinssent à la cognoissance de vérité, il faut qu'il y ait tousjours eu une Eglise, qu'elle soit encores, et qu'elle dure jusques à la fin des siecles:c'est à dire une assemblee des fideles appelée ou recueillie de tout le monde: j'enten une communion des saincts, assavoir de tous ceux qui par la parole et par le sainct Esprit recognoissent et adorent un vray Dieu en Jesus Christ Sauveur, et par foy participent à tous les biens qui nous sont offerts gratuitement par Jesus Christ. Au reste, tous ceux-ci sont citoyens d'une mesme cité, vivans sous un mesme Seigneur, sous mesmes loix, et en mesme participation de tous biens."* (La Confession Helvétique Postérieure (texte français de 1566), Introduction et Notes par Jacques Courvoisier, bl. 93, Éditions Delachaux & Niestlé S.A., Neuchâtel 1944).

tye, alle koninkryke, nasies en tale te vinde, hetsy Jode of heidene. Hulle bly in verhouding en in gemeenskap met God die Vader, en met sy Seun Jesus Christus deur die heiligmaking van sy Heilige Gees.[9] *Daarom word dit gemeenskap nie van profane persone genoem nie, maar van heiliges, wat as burgers van die hemelse Jerusalem die rykste seëninge geniet, nl. een God, een Here Jesus, een geloof en een doop.* [my vertaling, E.K]

Dieselfde geld vir die Westminster Konfessie (wat tussen 1643 en 1646 geredigeer is). Die eerste paragraaf van Artikel XXV definieer die Kerk eers diachronies, terwyl die tweede paragraaf omskryf die sigbare kerk meer spesifiek in sy ruimtelike dimensie (alhoewel *"together with their children"* verwys ook na die diachroniese dimensie):

1. *The catholick or universal church, which is invisible, consists of the whole number of the elect that have been, are, or shall be gathered into one, under Christ the head thereof; and is the spouse, the body, the fulness of him that filleth all in all.*

2. *The visible church, which is also catholick or universal under the gospel, (not confined to one nation, as before under the law), consists of all those throughout the world that profess the true religion, together with their children; and is the kingdom of the Lord Jesus Christ,*

[9] "*As we beleve in ane God, Father, Sonne, and haly Ghaist; sa do we maist constantly beleeve, that from the beginning there hes bene, and now is, and to the end of the warld sall be, ane Kirk, that is to say, ane company and multitude of men chosen of God, who richtly worship and imbrace him by trew faith in Christ Jesus, quha is the only head of the same Kirk, qhilk alswa is the bodie and spouse of Christ jesus, quhilk Kirk is catholike, that is, universal, because it conteinis the Elect of all ages, of all realmes, nations, and tongues, be they of the jewes, or be they of the Gentiles, quha have communion and societie with God the Father, and with his Son Jesus, throw the sanctification of his haly Spirit: and therefore it is called the communioun, not of prophane personnes, bot of saincts, quha as citizenis of the heavely Jerusalem, have the fruitionn of the maist inestimable benefites, to wit, of ane God, ane Lord Jesus, ane faith, and ane baptisme: Out of the quhilk Kirk there is nouther lyfe, nor eternall felicitie.*" (The Scotch Confession of Faith, Art. XVI "*Of the Kirk" in* The Creeds of Christendom With a History and Critical Notes, ed. By Philip Schaff, rev. by David S. Schaff, vol. III The Evangelical Protestant Creeds With Translations, bl. 458, Baker House, Grand Rapids, MI, 1998).

the house and family of God, out of which there is no ordinary possibility of salvation. [10]

Uit vyf Gereformeerde konfessies hoor ons dus dat die eenheid van die gelowiges, die ekumene, tussen geslagte van verskillende tye - dus diachronies - bestaan, trouens vanaf die *Alpha* tot die *Omega* van die menslike geskiedenis, onder die hoofskap van die ewige Seun van God. Hierdie gelowiges word in beide die Tweede Helvetica en die Skotse Konfessie burgers van dieselfde stad genoem, wat onder dieselfde wette verkeer en dieselfde seëninge geniet. Hebreërs hoofstuk 11, kom hier duidelik ter sprake, asook 13:7: "*Dink aan julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het. Let op hulle lewenswandel tot die einde toe, en volg die voorbeeld van geloof wat hulle gestel het."* Vers 8 bied natuurlik die grondslag van hierdie diachroniese uitleef van die ekumene: "*Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid."* [11]

3. Die Gereformeerde uitleef van die ekumene

Watter implikasies het so 'n perspektief vir ons huidige - sinchroniese – uitleef van die ekumene? Heel eerste, 'n verootmoedigende invloed, in dié

[10] The Westminster Confession of Faith, for study classes, G.I Williamson, bl. 187, Presbyterian and Reformed Publishing co., Philipsburg, New Jersey, 1964. Williamson comments about the invisible character of the Church as follows: "*It is* invisible *to us because it has extension in both time and space. It reaches from one end of the earth to the other, and from the beginning to the end of the age."*

[11] Aangehaal uit die 1983 Afrikaanse Vertaling. In sy Gereformeerde Dogmatiek omskryf Herman Bavinck die band tussen die Skrif en die Kerk vir die beoefening van teologie en dogmatiek met besondere beklemtoning op die diachroniese uitleef van die ekumeniese geloof: "*This significance of the church for theology and dogmatics is grounded in the link that Christ himself forged between the two. He promised his church the Holy Spirit, who would guide it into all truth. This promise sheds a glorious light upon the history of dogma. It is the explication of Scripture, the exposition that the Holy Spirit has given, in the church, of the treasures of the Word. Accordingly, the task of the dogmatician is not to draw the material for his dogmatics exclusively from the written confession of his own church but to view it in the total context of the unique faith and life of his church, and then again in the context of the history of the whole church of Christ. He therefore stands on the shoulders of previous generations. He knows he is surrounded by a cloud of witnesses and lets his witness merge with the voice of these many waters. Every dogmatics ought to be in full accord with and a part of the doxology sung to God by the church of all ages."* (Reformed Dogmatics, vol 1, Prolegomena, The method and Organization of Dogmatic Theology, bl. 85-86, vertaal deur J. Vriend, uitgegee deur J. Bolt, Grand Rapids, Michigan, Baker Academic, 2003).

sin dat die sinchroniese uitleef van die ekumene nooit op dieselfde voet as tydelike groepsvorming, kerkpolitiek of kerkmagstryd geplaas mag word, met ten doel die vermeerdering van die mag en invloed van ‘n sigbare instituut in die wêreld nie. Die byvoeging van getalle aan ‘n kerklike instituut, deur een of ander samesmelting te bewerkstellig, en dít om die wêreld of die owerhede te beïndruk, kan nooit ‘n vertrekpunt of ‘n eindpunt wees vir die uitleef van die ekumene nie. In besonder, die bevordering van so ‘n samesmelting t.w.v. die vereniging van Afrikaners en dit om een of ander politieke mag te herwin nadat hulle dit in 1994 verloor het, het niks te doen met die uitleef van die ware ekumene nie, maar konstitueer bloot ‘n verkragting van ‘n Koninkryksbeginsel t.w.v. ‘n sekulêre agenda. Aan Christus alleen is alle mag in die hemel en op aarde gegee (Mat. 28:18), op grond van sy ewige goddelikheid. Vandag se roeping t.o.v. die ekumene, dít wat prioriteite moet bepaal, is dieselfde as gister s’n, nl. die gesamentlike verkondiging van Christus se ewige Koninkryk. Tog is dit belangrik om te beklemtoon dat dít wat gelowiges verenig nie die gesamentlike verkondiging van hierdie ewige Koninkryk is nie, en ook nie die gesamentlike werke wat sinchronies deur gelowiges gedoen word nie, maar slegs die transendente realiteit van hierdie ewige Koninkryk van Christus, waarvan die ekumene maar net ‘n vrug hiervan is, die uitdrukking van gelowiges se antwoord hierop. Slegs hierdie transendente Koninkryk is dít wat gelowiges van alle tye en alle plekke verenig, op grond van die twee nature in die persoon van Jesus-Christus. Om dit nie so raak te sien en ook nie so uit te leef nie sal noodwendig tot ‘n nuwe vorm van werksteologie lei, bloot tot ‘n menslike poging na eenheid.

Calvyn se uiteensetting van die aard van ware ekumenisiteit in sy Institusie (IV, ii, 5-6) beklemtoon juis die sentraliteit van die persoon van Christus:

> *Maar ons moet ook daarop let dat hierdie liefdesverbintenis so van geloofseenheid afhanklik is dat lg. die begin, die einde en die maatstaaf daarvan is.*[12] *Daarom moet ons onthou dat, wanneer die eenheid van die Kerk deur God by ons aangeprys word, moet ons niks anders verstaan as die feit dat ons in doktrine een is wat Jesus Christus betref, en dat in hom ook ons gemoedsgesteldheid van wedersydse welwillendheid moet getuig. Daarom wanneer Paulus ons tot eenheid aanspoor, neem hy as grondslag die feit dat daar slegs een God is, een geloof en een doop (Ef. 4:5). Selfs daar waar hy ons leer om een te wees in doktrine en in wil, voeg hy telkens by dat dit in Jesus-Christus moet plaasvind (Fil. 2:2-5). Daarmee gee hy te kenne dat enige eenstemmigheid wat buite die Woord van God bewerk word, 'n kliek van ongelowiges is, en nie die eensgesindheid van gelowiges nie. Cyprianus verseker ook in navolging van Paulus dat die bron van enige eenheid in die Kerk in Christus se biskopamp te vinde is.*

Die vraag wat beantwoord moet word, wat die uitleef van die ekumene betref, is dus nie*: "Hoe sal ons onsself posisioneer teenoor hierdie of daardie kerklike gemeenskap?"* nie. Die doel wat nagestreef moet word is nie: *"Hoe kan ons diplomatiese bande vestig met hierdie of daardie kerkverband?* nie - asof die uitleef van die ekumene die vorm moet aanneem van bande wat lande en nasies met mekaar smee met tydelike en pragmatiese doelwitte in die oog, of met ambassadeurs wat van tyd tot tyd ander kerklike

[12] H.W. Simpson se vertaling hier is ongelukkig misleidend: "*Maar ons moet ook daarop let dat hierdie liefdesverbintenis so van geloofseenheid afhanklik is dat hierdie liefdesband die begin, die einde en ten slotte die enigste maatstaaf van hierdie eenheid behoort te wees"*. Vgl die Franse teks van 1560: "*Mais il faut aussi noter ce poinct, que la conionction que nous devons avoir en charité dépend tellement de l'unité de la foy, que ceste-cy en est le fondement, la fin et la reigle* [Lat.: *unica*] *d'icelle*." (Institusie vol. IV, J.D Benoit uitgawe, bl. 46). Dit is duidelik uit die sinstruktuur self asook uit die breër konteks dat Calvyn die geloofseenheid in Christus as grondslag sien vir die uitleef van 'n liefdesband.

gemeenskappe besoek op ‘n heel beskaafde wyse. Wanneer so ‘n afvallige sinchroniese beskouing posvat in die uitleef van die ekumene, getuig dit van die destruktiewe invloed van ‘n sekulêre tyds –en geskiedenisbeskouing op kerke wat intussen nie meer Christosentries geword het nie. Die eindresultaat van so ‘n beskouing is om kerklike pogings tot eenheid te verander in soveel Sisyphus pogings, almal loofwaardig in die oë van diegene wat die klip oprol: “*kom ons verander die klippe in die woestyn in brood, t.w.v. van die wêreld se behoeftes*”; “*kom ons word die geestelike eweknie van die Verenigde Nasies om hulle by te staan in hulle prysenswaardige poging tot vereniging van die mensdom”* ens.

4. Die herstel van ‘n Bybelse perspektief op tyd

Teenoor dergelike sekulêre pogings, behoort Gereformeerdes die ekumene uit te leef as ‘n saamgroei in die ewige karakter van Christus se Koninkryk, wat die tydelike, diachroniese dimensie van die menslike bestaan restoureer en aan hom nuwe betekenis gee. Dit is slegs daaruit dat hulle gesamentlike proklamasie onderskraag kan word, juis omdat, soos reeds gesê, dit nie stem uit ‘n menslike horisontale dinamika nie, maar ‘n *nota ecclesiae* is, ‘n gegewe in die vervulling wat Christus reeds gebring het en wat al hoe meer sigbaar word. Om erns te maak met die geloofsbelydenisse wat diachronies aan ons oorgelewer is, is een aspek van hierdie saamgroei in die geloof wat eenmaal oorgelewer is.

‘n Bykomende aspek van die saamgroei na eenheid is sy eskatologiese dimensie: dit is ‘n beweging na die Omega van die menslike geskiedenis, na die eskatologiese punt waar, volgens Op. 5:9-10, losgekoopte mense uit elke stam, taal, volk en nasie deur Christus ‘n koninkryk [βασιλειαν,

enkelvoud!] en priesters gemaak is ("*en hulle sal oor die aarde regeer"*). Hier het ons te doen met 'n omgekeerde beweging in vergelyking met dit wat in die wêreld gebeur: volgens Markus 13:8 en parallele[13] "*Die een nasie sal teen die ander te staan kom en die een koninkryk teen die ander"*. Op sigself is hierdie omgekeerde beweging 'n waarskuwing om die mislukking van menslike pogings tot eenheid raak te sien: die ekumene beweeg nie parallel aan dit wat wêrelds plaasvind nie, maar omgekeerd, omdat die oorsprong en die eindpunt van so 'n beweging na eenheid nie immanent is nie, maar transendent. So 'n opmerking impliseer hoegenaamd nie dat die ekumene geen roeping ten opsigte van die politieke terrein ontvang het nie. Die roeping wat ontvang is, is egter om die nasies tot eenheid te roep volgens die grondwet van Christus se ewige Koninkryk, volgens sy norme van regverdigheid en harmonie, in onderworpenheid aan sy soewereine heerskappy, soos maar Christene uit alle lande, tale en kultuur dit saam bely. In hierdie roeping lê daar ook 'n teken van die herstel van die historiese dimensie wat deel is van die Skeppingsorde.

Die eskatologiese dimensie van die saamgroei na eenheid kan egter nie geskei word van 'n derde aspek, nl. die feit dat "*die Evangelie moet eers aan al die nasies verkondig word*" (Markus 13:10). Die verenigde koninkryk wat bestaan uit mense uit elke stam, taal, volk en nasie, word sigbaar namate sending plaasvind. Sending gaan van die vertrekpunt dat die mensdom in Adam een is, en in die Nuwe Adam een moet word. Die ekumene is dus, in sy saamgroei, wesentlik sendinggerig. Daardeur vind die universele heerskappy van Christus se Koninkryk 'n sigbare gestalte, daardeur word die muur van skeiding tussen mense van verskillende tale, kulture en

[13] Mat 24:7, Lukas 21:10.

agtergronde gebreek. In die geskiedenis van die Kerk is Pinkster natuurlik die grootste gebeure in dié opsig. Mense van alle talle en oorspronge word verenig in die gesamentlike verstaan van die bevrydende boodskap wat aan hulle verkondig word. Onderskeidings onder hulle is nie meer struikelblokke op die pad van ware eenheid nie. Dus groei die ekumene saam uitsluitlik deur die krag en onder die leiding van die Heilige Gees. In die sendinggerigte uitleef van die ekumene moet ‘n mens tog vir jouself afvra watter rol speel kontekstualisering, wat vandag in missiologie aan die orde van die dag is: speel kontekstualisering ‘n verenigende or ‘n verdelende rol? Is dit ‘n manifestasie van *sinchronisme* en partikularisme, en as sodanig ‘n negering van eenheid? Of word dit uitgeleef as ‘n erkenning van ‘n verskeidenheid wat deur God se Voorsienigheid histories ontstaan het en nie ontbind hoef te word nie, maar eerder verlos van verdelende motiewe? Die antwoord op hierdie belangrike vraagstuk sal natuurlik bepaal of die ekumene in sy sendinggerigte dimensie na die koninkryk waarna Openbaring 5 verwys, sal saamgroei, al dan nie.

Soos elke keer beklemtoon, getuig al hierdie aspekte saam van ‘n herstelde perspektief op die tydelike dimensie van die menslike bestaan, in dié sin dat die diachroniese uitleef van die ekumene geskied binne die koers van die Openbaringsgeskiedenis, as vervulling van profesieë oor die totstandkoming van ‘n nuwe mensdom in die nuwe Adam. Daarom dat hierdie uitleef ook as herstel van ‘n Bybelse perspektief op tyd gekwalifiseer kan word.